# CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS EN DIE NATUURWETENSKAPPE.

Dit is van belang dat met hierdie mylpaal in die geskiedenis van die P.U.K. vir C.H.O. teruggeblik word op die ontwikkelingsgang van die

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

Van 'n klein begin het die natuurwetenskaplike afdeling ontwikkel tot 'n belangrike deel van die inrigting sodat op die oomblik in nie minder as nege vakke onderrig gegee word nie. Die laaste byvoeging hier is Biologie wat vir die besondere standpunt van die inrigting van groot belang is. Vandag bestaan daar goed toegeruste laboratoria wat aan alle vereistes voldoen wat gestel word vir 'n deeglike voorbereiding in

die kursusse wat aangebied word. Ook aan die beskikbaarstelling van fasiliteite vir navorsingswerk word al meer en meer aandag geskenk, omdat langs hierdie weg positiewe bydraes tot die Christelike natuurwetenskappe in die vooruitsig gestel word. Dit word ook verder bewerkstellig deur die aanstelling van meer leerkragte in die verskillende afdelings wat dan die moontlikheid skep om tyd te vind vir navorsing.

Op alle terreine van die lewe hou die Christelike wetenskaplike rekening met sy godsdiens en geloofsbelydenis. Vir hom is dit dan ook ondenkbaar dat daar enige botsing aanwesig kan wees tussen Bybel- en Natuuropenbaring. Hy is daarvan oortuig dat waar enige botsing aangetoon kan word, 'n verklaring met die vermeerdering van kennis wel gevind sal word. Wetenskaplike navorsing lei dus na Gods Woord en nie weg daarvan nie. Dit is dan ook in hierdie oortuiging wat die dosente aan die P.U.K. vir C.H.O. staan in hulle opdrag om die nasate van 'n godsdienstige Afrikanervolk in kontak te bring met die eerste beginsels van die natuurwetenskappe. Daar word dus in die wetenskapbeoefening wel deeglik rekening gehou met die geloof, soos tereg deur Prof. Stoker beklemtoon in 'n artikel oor Calvinisme en Wetenskap. „Die Bybel is wel geen wetenskaplike handboek nie en mag as sodanig ook nie misbruik word nie, maar dit is tog in sy prinsipiële onderskeiding vingerwysend en normatief vir wetenskaplike navorsinge. In die verwarring van menslike denke en teorievorminge toon die Bybel die mees duidelike bakens aan wat die rigtinge aanwys waar die oplossinge en ophelderinge gevind sou kan word. Alleen in 'n Skrifgelowige wetenskap sal ons daardie eenheid van wetenskap en geloof vind wat die eenheid en universaliteit van die Christelike waarheid en van die Christelike idee waarborg."

In hierdie gees word dan ook die wetenskaplike terrein betree, beide in navorsing en in meedeling van verkreë resultate. 'n Belangrike vraag hier is dan ook hoe die natuurwetenskaplike staan teenoor die veelbesproke ewolusie-leer, wat as vernaamste oorsaak, van die vervreemding van die natuurwetenskaplike van sy geloof beskou moet word. Tussen ewolusieleer en die skeppingsverhaal wat apartheid van soorte leer is nog geen versoening bewerkstellig nie en sal ook nooit bewerkstellig *kan word* nie. Die geloof aan die een sluit noodwendig die geloof aan die ander uit. Baie van die studerende jeug het skade gely aan hulle geloof deurdat aan hulle die konklusies van die ewolusie-leer oorgedra is sonder dat hulle 'n geleentheid gehad het om self op grond van die gegewens hulle eie konklusies te trek nie. Wat die konsekwensies van die aanvaarding van die ewolusie-leer is, word aangetoon deur Prof. Stoker in sy artikel „Die Ewolusie-leer" in „Koers in die Krisis." Nou is dit 'n

feit dat meeste mense hulle self nie rekenskap gee van die geweldige implikasies nie. Daarom leef hulle voort en besef nie die anomalie van hulle optrede nie. Dit kom egter op niks minder neer as dat met die aanvaarding van die ewolusie-leer die Bybelopenbaring geheel-en-al opsy gestoot en die duidelike riglyne verontagsaam word nie. Hier kom ons dan tot 'n belangrike saak vir die wetenskaplike wat arbei aan 'n inrigting wat bely dat alle navorsing gedoen word onder die besef dat „In U Lig" *die* lig gesien word. (Ps. 36: 10).

Hoe staan die P.U.K. vir C.H.O. in hierdie opsig? Deur bydraes gelewer in verskillende tydskrifte en werke, in die lesings aan studente gegee en in die besprekings van die Stafklub word die Bybel as „leidend, liggewend en rigtinggewend" aanvaar op die gebied van die Natuurwetenskappe.

Waar die ewolusie-leer al vir soveel jare die denkwyse van die mens beïnvloed en hom van die waarhede van die Bybel weggelei het, is daar baie weinig natuurwetenskaplike werk wat nie ewolusionisties georiënteerd is nie. Hierdie feit lê 'n geweldige verpligting op die navorsers aan die inrigting om die wetenskap só te beoefen dat alle aanslae van die ongelowig-ewolusionisties georiënteerde wetenskap afgeweer kan word.

Hier is dit veral die taak van die Biologie, Dierkunde, Botanie en Geologie om die grondslae vir 'n Christelike wetenskap te lê, vry van die geloofsondermynende invloede van die ewolusie-leer. Dit is dan ook verblydend dat in dié rigting reeds in ons land bydraes gelewer word deur geleerdes wat in baie noue kontak met ons staan, soos bv. die artikel oor „'n Christelike Dierkunde" in „Koers in die Krisis" deur dr. Eloff. Hierin word 'n sisteem bepleit wat sekerlik die moeite werd is om verder te ondersoek. Verder word daarop gewys dat by die verwerping van die ewolusie-leer nie berus mag word nie; daar moet 'n nuwe lewensteorie opgestel word teenoor die ewolusie-leer.

Ook in die Geologie word lang aanvaarde teorieë, wat die bindende krag van Gods Woord nie erken nie, ondersoek en die feite van die ondersoek so vertolk dat hulle nie in botsing met die geopenbaarde waarheid van die Bybel is nie. Daar is tans wel in baie opsigte verskil in opvatting tussen die teoloog en die geoloog. Maar deur die bepaalde probleem saam te beskou kan 'n oplossing gevind word. Laat ons dit illustreer met 'n bekende voorbeeld uit die Geologie nl. die probleem van die ouderdom van die aarde. Daar skyn 'n onoorbrugbare kloof te wees tussen die eise van die Geologie en die Skrifverklaring van die Teologie. Dis bekend dat die getal van ses duisend jaar in teologiese geskrifte genoem is. Die geoloog daarenteen meen dat miljoene alleen die probleem oplos. Hier

het dan ook dikwels die moment aangebreek dat die geoloog teen die Bybel gekies het. Alle geologiese bewyse sover dui 'n baie hoër ouderdom aan as wat gewoonlik deur die teologiese wetenskap toegegee word. Hoe moet dan verder te werk gegaan word? Hier is 'n skynbare botsing. Die plig van die betrokke wetenskappe is om Skrif- en Natuuropenbaring te ondersoek en die twee in harmonie te bring. Indien dan tot 'n hoër ouderdom vir die aarde geraak word as wat gewoonlik toegegee word, is dit nie as gevolg van akkommodasie aan die ewolusie-leer nie—soos dit gewoonlik in die verlede was—maar as resultaat van ware ondersoek. Maar hoofsaak is dat die Christelike geoloog die probleem benader onder die besef dat daar meer is as net die gewone geologiese wette en dat dit vir hom bepalend is in die resultate van sy wetenskaplike ondersoek.

Gelukkig vir die natuurwetenskaplike wat sy werk aan die P.U.K. vir C.H.O. doen dat hy die probleme met die professore van die Teologiese Skool kan bespreek. Die student het in die vorming van sy lewensbeskouing, wat so belangrik is vir sy wetenskaplike ontwikkeling weer die groot voorreg om die Geloofsleerklasse, wat deur die teologiese professore aan alle P.U.K.-studente gegee word, by te woon. Dat die klasse in daardie behoefte voorsien, word aangedui deur die gereelde bywoning daarvan. Ook beteken die klasse veel vir die dosent wat dit wil bywoon, want dit verskaf gedurigdeur nuwe gesigspunte wat hy in sy werk kan benut.

Ook die vak „Inleiding tot die Wysbegeerte" is in hierdie opsig van besondere betekenis. Hier word die grondbeginsels ten opsigte van elke vakwetenskap in die lig van die Godsopenbaring behandel.

Elke persoon wat in die natuurwetenskaplike afdeling arbei het 'n bepaalde opdrag as hy die leuse „In U Lig" aanvaar. 'n Plig teenoor sy God, sy inrigting. teenoor homself en teenoor die studente wat juis om daardie spesifike leuse aan hierdie inrigting hulle voorligting verkies.

Met volle vertroue gaan ons dan ook die toekoms in, vas in die geloof dat die seën van die Here ook sal rus op die natuurwetenskaplike arbeid solank dit gedoen word ter verheerliking van Sy Naam.

J. S. VAN DER MERWE.

Potchefstroom.